Saam boer ons vooruit
Farming together for success
www.laeveld.co.za

Kobus Hurter

Area: Kleinboerontwikkeling - landswyd
T: 082 658 2978 / E: kobushurter@laeveld.co.za

Gewasse: Groente en graansoorte.
Aanbieding: Kleinboerontwikkeling en voedselsekerheid.

Kobus Hurter is in Wolmaransstad gebore en het in Dewetsdorp gematrikuleer. Hy het sy militêre diensplig in Bloemfontein voltooi en daarna 'n B.Agric.-graad aan die Universiteit van die Vrystaat behaal.

Sy loopbaan het by die Oliesadesentrum in Potchefstroom begin as 'n grondboon-navorsingstegnikus. Daarna het hy 'n pos as landboukundige by Langeberg Voedsel in Musina aanvaar, met die fokus op groenteverbouing vir verwerkingsdoeleindes. Hier het hy sy vrou, Yolandé ontmoet. Hy aanvaar 'n pos in landelike ontwikkeling by AgriQwa, 'n ontwikkelingsagentskap by die Vrystaatse Departement van Landbou en hulle verhuis na Harrismith. Hier fokus hy op die vestiging van die eerste 64 plaaslike boere uit die gemeenskap en die ontwikkeling van die groentetuinsaadpakkiekonsep.

In 1993 verhuis hulle na Lichtenburg, waar hulle albei in diens geneem is deur Irvin & Johnson (I&J) om 'n aartappelproduksieplaas op die been te bring. Later het McCain Foods die binnelandse I&J bedrywe oorgeneem en behartig hulle die produksie van 2 500ha aartappels en 1 800ha ander groentesoorte as deel van 'n korporatiewe plaasoperasie waarvan Kobus die bestuur in 2008 oorgeneem het.

Vanaf 2012 spits hulle toe op voedselsekerheid onder kleinboere en gemeenskappe in die Suidelike Afrikastreek. Kobus en Yolandé het in dié proses verskeie grootskaalse droëland-graanboerdery-aanplantings in Suid-Afrika bestuur, maar hulle het ná die 2015/16-droogtetydperk besluit om eerder op besproeiingsprojekte in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap se gebied te fokus.

As deel van AFGRI se ABBA-kleinboerontwikkelingsprogram, reis Kobus gereeld, en hy het ook verder studeer om in 2019 'n meestersgraad in kleinboerontwikkeling aan die Universiteit van die Vrystaat te voltooi. Hy hanteer tans steeds van die projekte waar groente en permanente gewasse in Zambië en Zimbabwe verbou word.

Kobus se huidige betrokkenheid is gemik op die geskiktheid van hulpbronne vir volhoubaarheid, die beskikbaarheid van markte, die ontwerp van plaasuitlegte, die saamstel van besigheidsplanne en begrotings. Asook bystand met die implementering van projekte en skakeling met voornemende grootmaatkopers, myngroepe (om waterherwinning vir besproeiingsdoeleindes te ondersoek) en die herlewing van uitgediende projekte.

Dit is vir hom belangrik om voedselsekerheid onder kleinboere en gemeenskappe te bevorder. Die blydskap onder gemeenskappe wanneer daar tamatie-opbrengste van meer as 100t/ha geoes word, is vir hom 'n groot aansporing. Hy beskou die teks in Spreuke 15:17, *"Liewer net 'n bietjie groente en liefde daarby as 'n vetgemaakte os en haat daarby"*, as 'n opdrag wat hulle probeer uitleef.

Die verhouding tussen AgricultSURE, die onderneming wat gebruik word om kleinboerontwikkeling uit te bou, en Laeveld Agrochem, kom al oor baie jare. Afgesien van toenemende wêreldwye fokus om kleinboere by te staan en die realiteit dat kleinboer- of kleinskaalboerderypraktyke 'n al groter geleentheid bied, skep dit ook 'n groeiende behoefte na kwaliteit landbou-insette. Hier speel presisieboerderypraktyke 'n groot bydrae om hoë opbrengste op kleiner oppervlaktes te realiseer.

Kobus sien uit daarna om saam met Laeveld Agrochem kragte te span en die landboubedryf op nog 'n groter spektrum te kan ondersteun.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.